# Hillcrest High School

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**JUNIE EKSAMEN 2016**

**VRAESTEL 3**

**GRAAD 11**

**TYD : 2 UUR**

**PUNTE : 100**

HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT 7 BLADSYE

## INLIGTING EN INSTRUKSIES

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | OPSTEL | [50] |
| AFDELING B: | LANG TRANSAKSIONELE SKRYFSTUK | [30] |
| AFDELING C: | KORT TRANSAKSIONELE SKRYFSTUK | [20] |

2. Jy moet **EEN** vraag uit **ELKE** afdeling beantwoord.
3. Skryf die **NOMMER** en **TITEL** van jou onderwerp duidelik bo-aan jou skryfstuk neer.
4. Wys deeglike beplanning.
5. Skryf jou **EERSTE** poging in potlood.
6. Trek 'n streep deur jou beplanning en eerste poging.
7. Doen die beplanning van elke afdeling op 'n skoon bladsy, skryf die eerste poging onderaan jou beplanning en skryf jou finale poging op'n skoon bladsy.

AFDELING A : OPSTEL

VRAAG 1

- **Kies EEN onderwerp en skryf 200-250 woorde daaroor.**
- **Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.**
- **Onthou om te beplan, 'n eerste poging en dan 'n finale poging te doen**

1.1 My onvergeetlike vakansie

1.2 Die persoon het my, in my uur van nood, soveel gehelp.

1.3 Die grootste avontuur van my lewe tot dusver.


1.4 My Ouma/Oupa is die beste!

1.5 Daardie telefoonoproep het my lewe verander ....

1.6 Kies **EEN** van die volgende prente en skryf 'n **OPSTEL** daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van jou opstel neer. Jy moet jou **EIE** titel gee vir die opstel.

**LET WEL:** Daar moet 'n duidelike verband (connection) tussen die opstel en die prent wat jy gekies het, wees.


**1.6.1**



[50]

**1.6.2**

1.6.2



[50]

1.6.3



[50]

**TOTAAL AFDELING A: 50**

AFDELING B : LANG TRANSAKSIONELE TEKS

VRAAG 2

- **Kien EEN onderwerp en skryf 120-150 woorde daaroor.**
- **Skryf die nommer en die opskrif van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.**
- **Onthou die formaat.**
- **Onthou om te beplan, 'n eerste poging en dan 'n finale poging te doen**

2.1 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jy het goeie nuus ontvang.

Skryf 'n vriendskaplike brief aan 'n maat en vertel daarvan.

2.2 **DIALOOG**

Jou penmaat van oorsee het in Suid-Afrika vir jou kom kuier.
Praat oor al die plekke waarheen jy hom/haar wil neem.

Skryf die **dialoog** neer wat tussen julle twee plaasvind.

2.3 **HULDEBLYK**

Iemand vir wie jy baie lief was, het gesterf.

Skryf 'n **huldeblyk** oor hom/haar wat jy by die begrafnisdiens gaan lewer.

2.4 **TOESPRAAK**

Jou skool het 'n projek om ou klere (wat nog in 'n goeie toestand is) in te samel vir mense van 'n minder bevoorregte (disadvantaged) area, naby Hillcrest. Jy wil graag die leerders van jou skool aanmoedig om met die projek te help.

Skryf 'n **formele toespraak** wat jy tydens die skoolbyeenkoms gaan lewer, neer.

**TOTAAL AFDELING B : 30**

AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

VRAAG 3

- **Kies EEN onderwerp en skryf 80-100 woorde daaroor.**
- **Skryf die nommer en die OPSKRIF van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.**
- **Onthou om te beplan, 'n eerste poging en dan 'n finale poging te doen**

3.1 <u>ADVERTENSIE</u>

Jou skool het besluit om 'n graad 11 partytjie te reël. Net graad 11 leerders en hulle metgeselle (partners) mag die dans bywoon.

Ontwerp 'n **advertensie** om hierdie partytjie te adverteer. Onthou om te noem waar dit gaan plaasvind en wanneer.


3.2 <u>DAGBOEKINSKRYWING</u>

Jy het vandag iemand baie hartseer gemaak.

Skryf in jou dagboek daaroor.

- Sê waarom jy dit gedoen het.
- Skryf jou gevoelens neer.

3.3 <u>POSKAART</u>



Teken die poskaart hierbo oor in jou antwoord boekie.

Jy is saam met vriende op vakansie. Skryf nou 'n poskaart aan jou ouers wat by die huis is om vir hulle te vertel wat julle alles doen en sien.

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**